PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## Superugby 2017 – Week 11

### Hurricanes vs Stormers

In Wellington word die trots van die Kaap weereens verneder deur 'n Kiwi span en hierdie keer was dit die Hurricanes wat die Stormers 41-22 verniel. Gelukkig keer die Stormers terug huistoe en het volgende 'n loslootjie om te herstel, seker meer sielkundig of wat ou grote? Die Hurricanes gaan volgende in 'n Kiwi riller betrokke wees in Christchurch teen die onoorwonne Crusa-ders.

### Cheetahs vs Highlanders

Daar word beslis nog somme gemaak in die Rosestad ou grote! Want wragtig, hoe verloor jy 'n game met vyf minute speeltyd oor, en jy loop 41-24 voor op die telbord? Die antwoord is maklik, vra die Blikore! Die Highlanderes speel vir tagtig minute ruggas en wen met 'n ongelooflike terugveg 45-41. Op die koop toe moet die Cheetahs nou die Blues in Auckland gaan aandurf na die tragedie. Die Highlanders reis Loftus toe om teen die Bulle te gaan baljaar.

### Rebels vs Leeus

Klinies, gaan vir die keel, doen wat moet gedoen word en siedaar! Dit is die resep van die Jo'burgers. Hulle klop die Rebelle gemaklik 47-10 en behaal die waardevolle bonuspunt doer onder. Die Leeus speel volgende teen die Brumbies in Canberra en gaan beslis hier getoets word. Die Rebels draf volgende in Melbourne teen die Reds uit.

### Chiefs vs Reds

Die Chiefs hardloop kringe om die Reds in New Plymouth en wen 46-17. Die Chiefs verdien volgende 'n loslootjie met die Reds wat in Melboune teen die Rebels gaan uitdraf.

### Waratahs vs Blues

Die Blues behaal 'n welverdiende oorwinning oor die Tahs in Sydney van 44-33. Die oorheersing van die Nieu-Seelandse spanne oor die Aussies is skrikwekkend ou grote. Die Blues speel volgende teen die Cheetahs in Auckland met die Tahs wat gaan rus en verdien 'n loslootjie.

### Haaie vs Force

In die Haaitenk wen die Durbaniete 37-12 maar verspeel hulle kanse op 'n waardevolle bonuspunt. 'n Ligpunt van hierdie game, was die klomp jongelinge in die agterlyn van die Haaie wat kookwater was ou grote. Die Haaie reis volgende PE toe om teen die onverskrokke Kings te gaan kragte meet. Die Force reis Buenos Aires toe om teen die Jaguares uit te draf.

### Bulle vs Crusaders

O my suster wat wegkruip in die Daspoort tonnel! Loftus is yskoud! Die Crusaders vermorsel die Bulle en wen 62-24. Plein gesê... dit 'n disgrace soos die een omie nie sy tong kan beheer nie. Skokkend, en wat ergste was op die dag is die feit dat daar amper nie mense was nie. En na dese sal hulle moet kaartjies weggee sodat daar dalk 'n koeldrankie of twee verkoop kan word in die hoekie van eensames. Die Bulle moet volgens die program volgende teen die Highlanders op die veld verskyn met die onoorwonne Saders wat teen die Canes in Christchurch in 'n riller betrokke gaan wees.

### Jaguares vs Sunwolves

Die Wolwe het amper daarin geslaag om die Argentyne tuis in Buenos Aires die loef af te steek. Die Jaguares wen 46-39 in 'n redelike opwindende game. Die Wolwe het volgende 'n loslootjie met die Jaguares wat tuis teen die Force gaan uitdraf.

**Nag ou grote…**

SUPER RUGBY

## Hospice thanks you!



*Some of the participants during the day; from left; Dries Hough, Meyer Moolman, Manie Coetzer and Gertes van Staden.*



*Members of the Hospice Rustenburg team; from left; Alinah Mauya, Bonolo Keebine, Francina Mjanyelya and Plodes Noube.*

**Rustenburg** – Elize Pretorius, office manager of Hospice Rustenburg, would like to thank the community of Rustenburg in ensuring that their 20th anniversary golf day was a huge success.

Held on Thursday, 4 May 2017, at the Rustenburg Golf Club, this event secured much needed funds and greater awareness of Hospice Rustenburg's work and service they render to the community.

"A heartfelt thanks to all the participants, sponsors and supporters. It will definitely be a yearly event taking place during May," Pretorius said in an interview with the *Platinum Weekly* newspaper. All funds raised support the services provided at Hospice Palliative Care patients and their families. "No assistance is too small. This is not only about much-needed financial aid, but also about everyone's involvement and voluntary work. Throughout the years, we were and are able to do the work we do, due to the community's support, of which we are very thankful."

If you would like to get involved at Hospice Rustenburg, please contact then on 014-592 8925 or email hosprtb@mweb.co.za.


